

Die klassieke retoriek as basis vir hedendaagse openbare spraakkommunikasieleerinhouds

F.H. Terblanche

This article explores a number of characteristics of the conceptual structure and teaching of classical rhetoric, and indicates that the subject contents of rhetoric were based at the outset on certain principles and contexts of public communication events in the world in which people lived. This approach to the identification of the subject contents of oral communication has not changed substantially over time, nor have the basic categories by which public communication was originally distinguished as a field of study. What has changed considerably, is the human concept of the fundamental nature and scope of communication principles and contexts, the perspectives from which it is approached and its ontological and philosophical basis. The ordering and systemisation of these are naturally expressed in a more comprehensive and scientific conceptual system than was the case in the classical era. In order to gain a thorough understanding of the complex system, however, it is necessary to study its classical rhetorical roots.

1. Inleiding

Wie die studieterrein van hedendaagse spraak- of mondeline komunikasieleerinhouds betree, bevind hom dikwels in 'n moeras van uiteenlopende teoretiese perspektiewe en paradigmas. Die vertrekpunte van die onderskeie pogings tot die daarstelling van 'n beter begrip van komunikasie wissel van 'n resepmatige tot 'n hoogs abstrakte beskouing van komunikasie as tussenmensele verskynsel. Hierbenewens behels die beskrywing en klassifikasie van komunikasieleerinhouds 'n groot aantal komplekse begripe en begripe-relasies wat tradisioneel deel vorm van vakgebiede soos die sosiale sielkunde, sosiologie, filosofie, taalkunde en retoriek.



Prof. Terry Terblanche is hoof van die Departement Komunikasiestudie, UOVS.

'n Deurskouing van die verskillende perspektiewe op komunikasie toon dat die retoriiese perspektief nie alleen die benaderingswyse met die oudste tradisie is nie, maar ook dat aspekte daarvan op meer as een wyse in die hedendaagse komunikasiebeskouings neerslag vind. Dit is trouens 'n betreklik algemene verskynsel dat daar in die leerinhoudbronne vir spraakkommunikasie enersyds verwys word na die konseptualisering van die klassieke retoriek en andersyds vryelik gebruik gemaak word van die begripperaamwerk wat daarop betrekking het (vgl. bv. Hunt, 1981:4; Cohen, 1983:xiii; Whitman & Boase, 1983:322-324; White, 1984:174; Myers & Herndon, 1988:373; Galvin, Cooper & Gordon, 1988:194-256).

Uit die hedendaagse leerinhoudbronne blyk datveral die eie kategorie van openbare spraakkommunikasie nie na behore begryp kan word as bepaalde aspekte van die klassieke retoriekgrondslae

daarvan nie verreken word nie. Teen dié agtergrond word in die onderhawige bespreking oorsigtelik aandag geskenk aan enkele relevante kenmerke van die retoriekkategorie in die oud-Griekse, oud-Romeinse en Middeleeuse opvoeding (pre-Renaissance-opvoedingsera). Só benader, word die verskillende wyses waarop die antieke retoriek gekonseptualiseer is (vgl. bv. Kennedy, 1980; Jansen, 1983; Van Schoor, 1986; De Wet, 1988) nie in besonderhede bespreek nie, maar word slegs aandag geskenk aan bepaalde aspekte van die begrippestruktuur aan die hand waarvan die retoriekleerinhoud omskryf, afgegrens en geïdentifiseer is.

Ten einde egter aspekte van die begrippesisteem van die antieke retoriek in die pre-Renaissance-onderrigsituasie in perspektief te kan plaas, is dit ter oriëntering nodig om enkele bondige opmerkings oor aspekte van die aard en onderrig van die klassieke retoriek te maak.

2. Oriënterende opmerkings: retoriek, retoriekkonderrigsisteem en retoriekleerinhoud

Daar bestaan nie by die retorici in die pre-Renaissance-opvoedingsera eenstemmigheid oor die presiese aard van die retoriek nie. 'n Deurskouing van die antieke retoriek toon egter duidelik dat die begrip retoriek op spraakgebeure van 'n oorredingsaard dui (vgl. bv. Plato, *Gorgias* 452-45, Hamilton, 1982; Aristoteles *Rhetorica* 1355a-1357a, Ross, 1971; Augustinus, *De Doctrina Christiana* 4.1, Robertson, 1977).

Waarskynlik die bekendste klassieke omskrywing van die retoriek is dié (volgens Engelse weergawe) van Aristoteles (*Rhetorica* 1355b): "Rhetic may be defined as the faculty of observing in any given case the available means of persuasion".

Hoewel die onderrig en ordening van die kategorie van die pre-Renaissance-retoriek soms vanuit wysgerige invalshoeke in dringend bevrageken en beduidend beïnvloed is, en soms deur byvoorbeeld tegniese, Sofistiese of teosentriese tendense oorheers is, het dit dwarsdeur die pre-Renaissance-era binne die raamwerk van 'n bepaalde eiesoortige retoriekkonderrigsisteem plaas gevind. Binne dié sisteem is daar op 'n meerder of mindere mate van die veronderstelling uitgegaan dat die doeltreffende gebruik van die gesproke woord 'n noodsaaklike voorwaarde vir sowel die wording en selfaktualisering van die individu as vir

sinryke, menswaardige naasbestaan is. In dié lig het mondelinge kommunikasie-onderrig die hoeksteen van die oud-Grieks-Romeinse opvoeding gevorm, terwyl dit die kern van die Middeleeuse triumf uitgemaak het.

In die pre-Renaissance-retoriekkonderrigsisteem is van die veronderstelling uitgegaan dat kompetensie in mondelinge kommunikasie vanveral drie faktore afhanglik was. Hierdie faktore is in die reël aangedui as 'n basiese aangebore vermoë om te kan kommunikeer, die praktiese beoefening van die kuns van welsprekendheid en die bemeesterding van die teoretiese onderbou van kommunikasie (vgl. bv. Isokrates, *Antidosis* 187-190, Norlin, 1956; Plato, *Phaedrus* 269, Hamilton, 1977; Cicerro, *De Oratore* 11.lxxxvi.351-361; Sutton & Rackham, 1942; Isodorus, *Etymologiae* 11.3.2, Lindsay, 1911).

Die mondelinge kommunikasieleerinhoud en -vaardighede was hoofsaaklik op die eise en kenmerke van die mens se kommunikatiewe leefwêreld gebaseer. Die leerinhoud het 'n groot aantal begripe, begripe-relasies, definisies, beginsels en kontekste behels wat primêr op die fundamentele komponente van die spraakkommunikasieproses gebaseer was. Hierdie komponente is reeds in die vyfde eeu v.C. as die mededeler, die boodskap en die boodskapontvangers geïdentifiseer (vgl. bv. Aristoteles, *Rhetorica* 1356a, 1358b).

Uiteraard het daar, soos dikwels op die terrein van menswetenskaplike besinning en vertolking die geval is, uiteenlopende benaderingswyses ten opsigte van die belangrikheid en aard van elk van die komponente vir mondelinge kommunikasiegebeure voorgekom. Die tegniese retoriek, waarin reeds so vroeg as 465 v.C. deur Korax en Tisias onderrig gegee is, het leerinhoud en -vaardighede behels wat hoofsaaklik op die strukturering en aanbieding van die mondelinge boodskap gebaseer was. Veral die eise van die forensiese spraaksituasie is as vertrekpunt geneem.

In die Sofistiese retoriek, waarvan retorici soos Anthipon, Protagoras, Gorgias en Isokrates eksponente was, is leerinhoud gekenmerk deur emosionele en soms hoogs dramatiese appelle. Die rol van die mededeler is dikwels op 'n oordrawe wyse beklemtoon. Sommige Sofiste het hulle skuldig gemaak aan selfverheffing en die aanbieding van ekshibisionistiese en deklamatoriese mededellings. Aspekte soos die aard van die oorredingsproses self en die wisselwerking tussen die mededeler en die boodskapontvanger het min of

geen aandag in die seleksie van leerinhoude gekry nie. Die Sofistiese retoriek was, soos Leeman (1981:3) dit stel, "een technisch, amoralistisch, utilitaristisch systeem van leerbare regels, die op hun beurt uit die observatie van oraal taalgebruik en zijn effecten bij de toehoorders waren geïnduceerd". (vgl. ook De Kerckhove, 1983:186; Terblanche, 1987:543-544)

Vir die filosofies-georiënteerde retorici was die Sofistiese retoriek enersyds die produk van onwyse denke en andersyds 'n vorm van monologiese kommunikasie met 'n vals grondslag wat aangewend word met onedele doelstellings. Veral Sokrates, Plato en Aristoteles se reaksie op die Sofistiese retoriek het metterwyl gekulmineer in 'n ware of wysgerige retoriek wat onder meer op 'n soek na die "waarheid" gebaseer was (vgl. Van Schoor, 1986:45-56; De Wet, 1988:16-18).

Bogenoemde drie onderskeie benaderings tot die retoriek het in die na-oud-Griekse opvoedingseras in allerlei vorme neerslag gevind. Hoewel oud-Romeinse retorici soos Cicero en Quintilianus in hul eklektiese benadering aspekte van die beskouings van onder andere Plato en Aristoteles beklemtoon het, het hulle veral 'n beduidende bydrae gelewer tot die ontwikkeling van die tegniese retoriek. Eweneens is sommige aspekte van die bekende *Rhetorica ad Herennium* 'n toepassing van onder meer die Peripatetiese skool, terwyl ander aspekte weer teruggevoer kan word tot die voor-Aristoteliaanse tegniese retoriek, die Sofistiese beginsels en die retoriekidees van Plato. In die latere Romeinse periode is die *inventio*-aspek, wat o.m. die soek na waarheid behels het, egter in so 'n mate verwaarloos dat die retoriek tot 'n blote verbale vertoning gedegradeer is.

Gedurende die vroeë Christelike opvoedingsera het geloofsverdedigers soos Clemens, Tertullianus en Origenes bepaalde aspekte van die oud-Griekse retoriekbeskouings oorgeneem ten einde aanspraak te kon maak op die aandag van die heidense wêreld. In die tydperk van die kerkvaders het veral Augustinus, wat hom onder meer beywer het vir die bewaring van die Platoniese tradisie, dit moontlik gemaak dat Christene die kuns van welsprekendheid kon waardeer en onderrig sonder om met die heidendom te assosieer (Kennedy, 1980:159). Trouens, die Christelike kerk het die retoriek daarvan gered dat dit in totale ekshibisionisme verval het (Whitman & Boase, 1983: 323).

Teen die einde van die Middeleeue was die meeste kerkleiers daarvan oortuig dat die klassieke retoriek 'n bydrae tot die bevordering van die Christelike leerstellings kon lewer en dat dit ook bruikbaar was met betrekking tot die eise van die samelewings. In die veld ter sprake, lê die waarde van die Middeleeuse retoriekarbeid veral daarin dat dit daartoe gelei het dat die klassieke retoriekbeskouings behoue gebly het. In dié oopsig het retorici soos Cassiodorus, Capella, Isodorus, Boethius, Alcuinus en Maurus waardevolle bydraes gelewer.

In sowel die oud-Griekse en die oud-Romeinse as die Middeleeuse opvoeding is in 'n mindere of meerder mate van die veronderstelling uitgegaan dat bedrewenheid in mondelinge kommunikasie nie net die gevolg van byvoorbeeld die bemeestering van vaardighede en die aanleer van 'n tegniese woordeskata nie, maar dat dit ook 'n analitiese benaderingswyse tot kommunikasie vereis. Leerinhoude is reeds in die oud-Griekse era op vyf basiese afdelings van 'n openbare mededeling gebaseer, naamlik die vind en analisering van idees of argumente, die strukturering en rangskikking van boodskapinhoude, die styl van die mededeling, die memorisering van die mededeling en die aanbieding daarvan deur middel van liggaamsgedrag en stemgebruik. Hierdie hulpmiddelle van die openbare mededeler, wat later deur die oud-Romeinse retorici in die welbekende Latynse terme omskryf is, naamlik *inventio*, *dispositio*, *elocutio*, *memoria* en *pronuntiatio*, vorm ook die grondslag van hedendaagse didakties-georiënteerde beskouings oor openbare spraakkommunikasie.

3. Leerinhoude en vaardighede met betrekking tot die hulpmiddele van die mededeler

3.1 Inleiding

Omdat elk van die vyf hulpmiddelle vatbaar is vir meer as een interpretasie en daar ook nie eenstemmigheid was oor byvoorbeeld die belangrikheid van elke hulpmiddel in die onderrigsituasie nie, het daar ook ten opsigte van die leerinhoude wat daarop gegrond was, klemverskille voorgekom. Vir die doeleindes van hierdie oriënterende samevatting kan enkele fundamentele kenmerke daarvan egter aangedui word. Sò benaderval die klem op 'n oorsigtelike en algemene iden-

tifisering van die vyf basiese retoriekkategorieë en word nie aandag geskenk aan die spesifieke onderafdelings of die evaluering daarvan nie. Uiteraard was die leerinhoude op skoolvlak, soos byvoorbeeld uit die *Rhetorica ad Alexandrum* blyk, dikwels tegnies en voorskrytelik van aard (vgl. Pseudo - Aristoteles, *Rhetorica ad Alexandrum* 1435, Ross, 1971).

3.2 Inventio

Die inventio-aspek behels die kuns van ontdekking en bestudering van die boodskapinhoude of die ondersoek na die feite of argumente wat vir 'n spesifieke spraaksituasie relevant is. Sò moes die leerlinge allerlei fundamentele vrae kon bemeester ten einde te kon bepaal wat die spil was waarom 'n spesifieke saak gedraai het (status). Quintilianus, *Institutio* 5.7.28 (Watson, 1892) het byvoorbeeld aanbeveel dat leerlinge die Sokratiese dialoë, dit wil sê diadiiese en dialektiese modelle soos byvoorbeeld deur Plate gekonseptualiseer, moes bestudeer en naboots.

Met betrekking tot die ondersoek na relevante feite, moes die leerlinge bepaalde modelle bestudeer wat toepaslik was vir verskillende soorte spraaksituasies. In die geval van byvoorbeeld 'n lofbetuiging in 'n epideiktiese spraaksituasie het die modelle in die eerste plek aspekte bevat soos die edelheid van die geboorte van die persoon oor wie die lofrede gehou word, die aard van die omgewing waarin hy sy besondere prestasies gelewer het, sy persoonlike kenmerke soos opvoeding, vriendekring, welgesteldheid en diensbaarheid. Tweedens het die modelle liggaamlike aspekte verreken soos gesondheidstoestand en liggaamlike skoonheid.

In die derde plek is aandag gegee aan aspekte soos die wysheid en grootheid van die persoon en die aard van sy handelinge met betrekking tot sowel die doelstellings daarvan as die omstandighede waaronder dit plaasgevind het (vgl. Marrou, 1956:198-199).

Bewenens die analise van die probleem en die bemeestering van sinryke vraagstelling moes leerlinge onderrig word in die vasstelling van moontlike wyses waarop boodskapontvangers beïnvloed word. Aristoteles (*Rhetorica* 1356a) se standpunt was dat die mededeler drie oorredingsmiddele tot sy beskikking het, naamlik ethos, logos en pathos. Hierdie standpunt het dwarsdeur die pre-Renaissance-era en daarna voortbestaan, hoewel dit soms in operasionele terme gewysig is (vgl. Cicero,

ro, *De Oratore* II.XXVII.114-115; Quintilianus, *Institutio* 11.5.1-3; Augustinus, *De Doctrina Christiana* 59-63). Augustinus het byvoorbeeld 'n nuwe dimensie aan die *inventio*-aspek gegee deur dit van toepassing op *Skrifuitleg* te maak. Wat die ethos-aspek betref, beklemtoon Augustinus (*De Doctrina Christiana* 4.59) dat die persoonlike lewe van die mededeler meer gewig dra as enige aspek van welsprekendheid.

Leerlinge is ook onderrig in die sogenaamde "plekke" van argumente. Hierdie plekke was in werklikheid die metodes wat aangewend was om die mededeler te help in die ontdekking van boodskapinhoude vir die onderskeie oorredingswyses (vgl. Aristoteles, *Rhetorica* 1397a).

Quintilianus (*Institutio* 5.10.20 ev.) verdeel byvoorbeeld die plekke van argumente in twee kategorie, naamlik persone (bv. geboorte, nasie en be-roep) en "dinge" (bv. waarom iets gedoen word). Ander bekende plekke van argumente is aspekte soos oorsaak en gevolg, ooreenkoms en verskil, omskrywing van byvoorbeeld onderafdelings en hede- en verledegebeure. Hierbenewens was daar ook 'n dimensie van plekke wat bekend gestaan het as spesiale plekke vir bepaalde spraaksituasies. Sò verwys die begrip regverdigheid eksklusief na 'n gereghofsituasie. Die begrip deugsaamheid verwys na seremoniële spraaksituasies, terwyl die begrip eerbaarheid na 'n beraadslagende situasie verwys.

In die algemeen was die leerinhoude wat op verskynsel-plekke gebaseer was daarop ingestel om die leerlinge se denke te stimuleer en om as 'n hulpbron te dien vir die keuse van bepaalde kommunikasie-inhoude. Met die oog op die verkyring van 'n beter begrip van interpersoonlike gebeure is daar in die onderrigsituasie besondere klem geplaas op die stel van fundamentele vroe soos wat?, waarom?, wanneer?, hoe?, en deur middel waarvan? (vgl. Quintilianus, *Institutio* 5.10.32-38).

Op die vlak van *inventio* is ook aandag geskenk aan die sogenaamde alledaagse gesegdes wat van toepassing was op verskillende vakgebiede. Sò is die leerlinge vertroud gemaak met allerlei forme van geykte argumente soos: "gerugte behoort nie geglo te word nie" (Psendo-Cicero, *Rhetorica ad Herennium* 2.3.5, Caplan, (1977).

Die aanbieding van plekke as leerinhoud het gedurende die Middeleeuse opvoeding relatief min verskil van byvoorbeeld dié tydens die Hellenistiese opvoeding (Ochs, 1966:184; Leff, 1972:11). Wat in-

ventio betref, het veral die beskouings van Cassiodorus (1964), wat onder ander gebaseer was op dié van Cicero, Quintilianus en Augustinus, 'n noemenswaardige invloed op die Middeleeuse onderwys gehad (Kennedy, 1980:177).

In die hedendaagse spraakkommunikasiekundige beskouings word in aansluiting by die antieke beskouings oor *inventio* besondere aandag geskenk aan metodes vir die ontdekking en ontleiding van retoriiese potensiaal van kommunikasieinhoud. Besondere klem word geplaas op aspekte soos benadering en keuse van onderwerp, die omstandigheide waarin die kommunikasie plaasvind, die geloofwaardigheid van die mededeler, omskrywing van die proposisie/tesisstelling en ondersteunende bewyse soos analogieë en statistiese gegewens. Hierbenewens word wetenskaplike aandag geskenk aan die verbale en nie-verbale kodes wat aangewend kan word, keuse van media, die soort terugvoering wat potensieel moontlik is, die aard van menslike motiewe en behoeftes en teorieë oor byvoorbeeld houdingsverandering (vgl. bv. Jabusch, 1985:30-36; Gruner, 1983:144-147; Berko et al., 1985:104 e.v.).

3.3 Dispositio

Die vaardigheid wat as disposisie bekend gestaan het, dui op die rangskikking van boodskapinhoud in 'n funksionele organisasiepatroon. In die reël is kragtens die aard van die mededeling en die spraaksituasie tussen 'n aantal onderafdelings van die mededeling onderskei. Die teoretici het egter nie ooreengestem ten opsigte van die presiese aantal onderafdelings en byvoorbeeld oor watter onderafdelings met watter soort mededelings verbind kan word nie (vgl. Carrino, 1959:14-16, 26-29, 72).

Vir Aristoteles (*Rhetorica* 1414b) het 'n mededeling uit twee aspekte bestaan, naamlik die stel van 'n saak en die bewys daarvan. Hierby kon 'n inleiding en 'n slotrede gevoeg word. Quintilianus (*Institutio* 2.13.15) het net soos Plato, Aristoteles en Cicero, hom sterk uitgespreek teen enige vorm van oorvereenvoudigde reëls met betrekking tot die rangskikkingswyse van 'n mededeling. Hy het wel agt onderafdelings in 'n mededeling onderskei, maar dit sterk beklemtoon dat dit binne 'n didaktiese situasie as riglyne vir beginners geld en dat die eie oordeel van die mededeler die ware kriterium vir doeltreffende boodskapstrukturering is (vgl. ook Isokrates, *Antidosis* 271, Norlin, 1956; Plato, *Pheadrus* 270; Cicero, *De Oratore* IXXVI.307). Die

agt riglyne wat deur Quintilianus (*Institutio* 4.1.1 e.v.) breedvoerig uiteengesit word, omvat feitlik alle disposisie-aspekte wat tydens die pre-Renaissance-opvoeding as leerinhoud aangebied was. Die volgende beknopte opsomming gee 'n aanduiding van boodskapstrukturering as leerinhoud en vaardighede.

3.3.1 Eksordium

In die inleiding van die mededeling word die boodskapontvangers ten opsigte van die boodskap georiënteer. Dit gaan hier om aspekte soos pogings om die ontvangers se aandag te verkry en byvoorbeeld die verskillende aanhefwyses wat onderskei kan word afhangende van faktore soos die mate waarin daar reeds weerstand ten opsigte van 'n mededeling bestaan (vgl. Psendo-Aristoteles, *De Rhetorica ad Alexandrum* 14386, 1442b Ross, 1971; Cicero, *De Inventione* .XV.20, Hubbell, 1949).

3.3.2 Die vertelling

Die vertelling behels 'n bondige stelling en uiteensetting van die feite van die saak. Hierdie onderrafdeling is nie noodwendig tot die tweede posisie beperk nie en is ook nie in alle omstandigheide noodsaaklik nie (vgl. Psendo-Cicero, *Rhetorica ad C. Herennium* 1.VIII.12, Caplan, 1977; Aristoteles, *Rhetorica* 1416b).

3.3.3 Afdwalings

Sommige teoretici het van die standpunt uitgegaan dat die ontvangers gunstig gestem kan word as daar net ná die uiteensetting van die feite afgedwaal word en oor byvoorbeeld aantreklike morele of estetiese sake gekommunikeer word. Quintilianus (*Institutio* 4.3.1 e.v.) is van mening dat afdwalings soms meriete het en dat dit in enige stadium van die mededeling gedoen kan word. As dit in die middel van 'n mededeling voorkom, moet dit egter baie kort wees.

3.3.4 Propositisie

In hierdie fase gee die mededeler 'n bondige uiteensetting van die belangrikheid van sy mededeling of hy konfronteer die ontvangers met 'n bepaalde saak, sentrale idee of probleem. Kragtens die Sokratiese beginsel kan terme in dié fase omskryf word.

3.3.5 Verdeling

In hierdie fase, wat ook met die proposisie-aspek verbind kan word, gee die mededeler 'n aandui-

ding van die wyse (verdeling van hoofpunte) waarop hy die onderwerp gaan behandel (vgl. Psendo-Cicero, *Rhetorica ad C. Herennium* .10.17).

3.3.6 Bewys of bevestiging

In hierdie kernaspek van die mededeling rangskik die mededeler al die argumente wat in sy guns is. Die argumente wat hier ter sprake is, is juis die wat in die *inventio*-fase versamel is (vgl. Psendo-Cicero, *Rhetorica ad C. Herennium* 111.10.18).

3.3.7 Weerlegging

In dié afdeling gaan dit om die weerlegging van argumente wat reeds teen die mededeler ingebring is of waarskynlik teen hom ingebring kan word. Vrae ontstaan soos of dit wenslik is om eers die teenargumente te weerlê en dan die eie argumente aan te bied en of dit doeltreffender sal wees om dit andersom te doen. Weerlegging kan langs die weg van logiese, emosionele of etiese appelle geskied (vgl. Quintilianus, *Institutio* 4.5.24).

3.3.8 Gevolgtrekking

Hierdie beslissende slotafdeling behels basies 'n opsomming van die hoofgedagtes en argumente ten einde die geheue te verfris. Aristoteles (*Rhetorica* 1419b) skryf dat die slotrede uit vier afdelings bestaan, naamlik:

- (1) die boodskapontvangers goedgesind stem teenoor die mededeler en sleg- of kwaadgesind stem teenoor die teenparty;
- (2) die vernaamste feite vergroot/versterk of minimaliseer/ kleineer;
- (3) die verlangde emosies by die ontvangers gaande maak;
- (4) die ontvangers se geheue verfris.

Aristoteles (*Rhetorica* 1420b) beveel ook aan dat die styl aan die slot van die mededeling sodanig moet wees dat 'n duidelike onderskeid getref kan word tussen die mededeling as sodanig en die na-mededeling of slotwoorde (vgl. ook Psendo-Cicero, *Rhetorica ad C. Herennium* 11.XXX.47-50).

Hoewel retorici soos Aristoteles, Cicero en Quintilianus sterk klem gelê het op die feit dat boodskapstrukturering moes aanpas by die mededeling en die omstandighede, blyk dit dat leerlinge in 'n groot mate gebonde was aan betreklik onbuigsame formules met betrekking tot leerinhoude op die *inventio*- en *dispositio*-vlak (Clark, 1977:82).

Aspekte van die pre-Renaissance-beskouings oor boodskapstrukturering, wat in werklikheid teruggevoer kan word na die retoriekarbeid van Ko-

rax (vgl. Plato, *Phaedrus* 266d), vind in 'n verskeidenheid vorme neerslag in hedendaagse leerinhoudbronne vir spraakkommunikasie. Wyses van boodskapstrukturering wissel in die reël van 'n simplistiese weergawe van Plato (*Phaedrus* 264) se "lewende wese"-analoog tot hoogs komplekse organisatoriese strukture wat die mens se sogenaamde reflektiewe denke as vertrekpunt neem (vgl. bv. Whitman & Boase, 1983:338-356).

3.4 Elocutio

Nadat die openbare mededeler hom deeglik vergewis het van die aard en eise van die voorliggende spraaksituasie, toepaslike boodskapsinhoude en aanbiedingswyses bedink, gevind, geselekteer en gerangskik het, betree hy die stylfase (*elocutio*). Styl, aldus die pre-Renaissance-retorici, duif in die eerste plek op die betekenisryke verwoording van boodskapsinhoude (vgl. bv. Psuedo-Cicero, *Rhetorica ad C. Herennium* 1.2.3; Aristoteles, *Rhetorica* 1403b.15-20).

Hoewel verskillende beskouings ten opsigte van die vereistes van styl voorgekom het, moes 'n effektiewe styl in die reël aan vier vereistes voldoen, naamlik taalkorrekteid en -suiwerheid, helderheid of duidelikheid, verfraaiing of versiering en gesiktheid of paslikheid.

Onderrig in die korrekte, suiwere en duidelike gebruik van taal as kommunikasiekode is soms as die uitsluitlike taak van die taalonderwyser beskou (vgl. bv. Cicero, *De Oratore* 111.X.X.38 Rackham, 1942). Hier teenoor was daar ook verskeie retorici wat in aansluiting by Aristoteles (*Rhetorica* 1404b, 1407a) se werkwyse besondere klem geplaas het op die aard en funksies van korrekte en duidelike taalgebruik in spraakkommunikasie. Quintilianus (*Institutio* 1.5.1 ev., IV.2.36 ev., VIII.2.22-24), byvoorbeeld, gee 'n breedvoerige uiteensetting van leerinhoude en vaardighede in dié verband (vgl. ook Augustinus, *De Doctrina Christiana* 4.23). Die klem het deurentyd, soos ook hedendaags die geval is (vgl. bv. Bettinghaus & Cody, 1987:106-116), op die betekenisaspek van die linguistiese kode geval.

Die aanwendingswyse van boodskapverfraaiing as stylform is grootliks bepaal deur die mate waarin die mededeler hom persoonlik as die middelpunt van die spraaksituasie beskou het en of hy die doel van die dialogiese gebeure vooropgestel het. Wat laasgenoemde betrek, is leerinhoude op die vlak van verfraaiing geselekteer kragtens die mate waartoe dit kon bydra tot die beïnvloedingsproses. So beskou, was een van die doelstel-

lings van boodskapsverfraaiing om daartoe by te dra dat die boodskap as sodanig aanspraak kon maak op die aandag van die ontvangers.

In die onderrigsituasie is leerinhoud en vaardighede in die veld ter sprake normaalweg in twee hoofafdelings verdeel, naamlik die sogenaamde "tropes" en "figures". In die primêre pre-Renaissance-bronne word egter uiteenlopende betekenis aan die twee begrippe toegeskryf. Vir die doeleindes van die onderhawige samevatting kan nietermin met Quintilianus se beskouing volstaan word. Sy standpunt, wat op verskeie retoriekbronne gebaseer is, is dat 'n "troop" die omvorming van 'n woord of frase van sy eintlike betekenis na 'n ander is, ten einde die (oortuigings-) krag daarvan te verhoog (Quintilianus, *Institutio VIII.6.1*).

Leerlinge moes 'n groot verskeidenheid trope bestudeer en prakties bemeester. Dit het taalverskynsels behels soos die metafor, sinekdoojee, metonimia, antonomasia, onomatopee, allegorie, ironie en die hiperbool. Met die uitsondering van onomatopee, ironie en die hiperbool, wat in werkelikhed gewone stylfigure is, staan genoemde trope in die hedendaagse literatuur as beeldspraak bekend.

Quintilianus (*Institutio IX:1.17*) skryf, met verwysing na talle bronne, dat daar twee soorte figure onderskei kan word, naamlik, "dié van gedagte . . . en dié van woorde . . . of uitdrukking of taal". Die sogenaamde gedagte- of ideefigure het stylfigure behels soos die retoriiese vraag en ironie. Hierbenewens moes die leerlinge 'n verskeidenheid ideefigure bemeester soos antisipasie, gevokaliseerde pousies (aarselings waartydens die spreker voorgee dat hy nie weet waar om voorte gaan nie), die simulasie van gevoelens, verbale illustrasies, beklemtoning van byvoorbeeld woorde, en die toepassing van kommunikasie. Die begrip kommunikasie dui as ideefiguur op die gebeure waar 'n mededeler sy opponent konsulteer (vgl. Quintilianus, *Institutio IX.2.20*).

Die sogenaamde taal-, spraak- of uitdrukkingsfigure het in werkelikhed bestaan uit suiwer stylfigure soos: eufemisme, paranomasia, klimaks en anti-klimaks, antitese, polisindeton, asindeton en repetisie.

Wat die vereiste betref dat 'n mededeler se styltoepaslik moet wees, is daar in die pre-Renaissance-retoriekbeskouings in 'n groot mate voortgebou op die siening van Aristoteles (*Rhetorica 111.7.1408a-1408b*). Volgens dié siening moes styl pas by die persoonlikheid van die mededeler, die

aard van die boodskap en die aard van die ontvangers.

Op leerinhoudvlak moes die leerlingeveral drie soorte stylvorme bestudeer en prakties toepas, naamlik 'n grootse of emfatiese, 'n intermediêre en 'n eenvoudige styl. Elk van die drie soorte is aangewend vir spesifieke soorte boodskappe, spraaksituasies en kommunikasiedoelstellings. Só word die eenvoudige styl aangewend om feite te stel, terwyl die grootse styl betrekking het op beïnvloeding en die intermediêre styl ten doel het om die ontvangers gunstig te stem (vgl. Quintilianus, *Institutio XII.X.58-79*).

Gedurende die vroeë Christelike opvoedingsera het geloofsverdedigers soos Tertullianus (vgl. Sider, 1971) en Origenes (vgl. Greer, 1979) sterk gesteun op die stylfigure van die klassieke retoriek. Augustinus (*De Doctrina Christiana 33-58*) het byvoorbeeld in aansluiting by Cicero die drie funksies van die mededeler met die drie klassieke stylsoorte verbind. Aspekte van di tradisie is gedurende die Middeleeuse opvoedingsera deur byvoorbeeld Cassiodorus en Boethius voortgesit (vgl. Jones, 1946:127 ev.; Stump, 1978:80; Fox, 1969: 13-16).

Die *elocutio*-aspek van spraakkommunikasie, wat teenswoordig as die verbale, linguistiese of taalkode bekend staan, geniet in die kontemporêre leerinhoudbronne vir spraakkommunikasie besondere vakwetenskaplike en -didaktiese aandag (vgl. bv. White, 1984:244; Bittner, 1985:61-84; Bettinghaus & Cody, 1987:105-116). In aansluiting by onder meer die beskouing van Aristoteles (*Rhetorica 1403b.15-17*) word kennis van die verskil tussen mondelinge en geskrewe taalgebruik as 'n fundamentele doelstelling van hedendaagse spraakkommunikasieonderrig beskou (De Vito, 1974:159).

3.5 Memoria

In die pre-Renaissance-onderrigsituasie is van allerlei mnemotegnieke gebruik gemaak om die geheue maksimaal te ontwikkel. Die leerling moes byvoorbeeld oefen om gedagte-inhoude met bepaalde ruimtes en artefakte te assosieer (vgl. Pseudo-Cicero, *Rhetorica ad Herennium XVI.29*). Waar die mens se oriëntering tot sy omgewing en die artefakte wat daarin voorkom, hier slegs as tegniek aangewend was, beskou hedendaagse kommunikasiekundiges omgewingsfaktore en artefakte as afsonderlike nie-verbale kommunikasiekodes.

Leerlinge moes ook op die vroegste moontlike ouderdom gedeeltes uit die poësie en ander werke uit die hoof leer, want, voer byvoorbeeld Quin-

tilianus (*Institutio XI.11.40*) aan: "niks word in so 'n mate deur volgehoue oefening versterk, of verswak deur die nalating daarvan, as die menslike geheue nie".

In die hedendaagse literatuur oor spraakkommunikasie word grondige besware geopper teen die gebruik van gememoriseerde mededelings (Book, 1980:273; Cohen, 1983:103-104). Dit is byvoorbeeld enersyds moeilik om 'n gememoriseerde mededeling aan te pas by veranderde ontvangerreaksies, terwyl dit andersyds dikwels met onegtheid geassosieer word (vgl. Ehninger, et al., 1980:36). Dit is hedendaags aanvaarbaar en ook verkekslik om van sinryke notas of kaarte waarop hoofgedagtes aangebring word, gebruik te maak (vgl. Osborn, 1982:48). In Goed-ontwikkelde geheue word egter steeds as 'n voorwaarde vir die effektiwe mededeling van mondelinge boodskappe beskou (vgl. Whitman & Boase, 1983:110; Bittner, 1985:16-17).

3.6 Pronuntiatio

Dwarsdeur die pre-Renaissance-era is die noodsaaklikheid van onderrig in die doelmatige gebruik van "nie-verbale kodes" op dievlak van stemverskynsels en liggaamsgedrag in spraakkommunikasie sterk beklemtoon. Die oud-Griekse en oud-Romeine het byvoorbeeld liggaamsgebare in 'n besondere mate gekodifiseer, terwyl die handspel-verskynsel 'n taal op sigself was (Marrou, 1956: 200).

Reeds op 'n vroeë leeftyd het leerlinge onderrig ontvang in aspekte soos duidelike spraakuitinge, kykgedrag, liggaamshouding, spraakasemhaling en poses. Trouens, benewens die bestudering van byvoorbeeld die artikulasie van segmente, is elke stemaspek wat in die hedendaagse literatuur as nie-segmentele spraakklinkkenmerke (toon, spraaktempo, luidheid en stemkwaliteit) geklassifiseer word, in die pre-Renaissance-era as leerinhoud en vaardighede aangebied (vgl. Aristoteles, *Rhetorica* 1403b, 1404b, 1408b; Quintilianus, *Institutio* 11.39; Capella, *De Rhetorica* 454; Halm, 1964). In die hedendaagse didaktiek-georiënteerde beskouings oor spraakkommunikasie word uiteraard tussen meer nie-verbale koderingswyses onderskei as wat in die antieke opvoeding die geval was (vgl. bv. Ehninger et al., 1980: 69).

4. Leerinhoude en vaardighede met betrekking tot die boodskap en die ontvangers

Voorbeeld van leerinhoud wat op die boodskapkomponent van spraakkommunikasie gebaseer was, is reeds by die bespreking van die *dispositio*-aspek aangedui. Dit kan egter duidelikheidshalwe weer gestel word dat onderrigwyses ten opsigte van boodskapstrukturering oorengestem het met bepaalde konseptualisingswyses van die retoriek. Op een vlak is bloot van die leerlinge verwag om sekere voorskrifte met betrekking tot boodskapstrukturering na te kom (vgl. bv. Pseudo-Aristoteles, *De Rhetorica ad Alexandrum* 1436b; Ross, 1971)). Op 'n ander vlak weer, is daar beklemtoon dat inhoud gerangskik moet word met inagneming van faktore soos die persoonlikheid van die mededeler, die aard van die mededeling en die houdings, oortuigings en belangstelling van die ontvangers (vgl. Plato, *Phaedrus* 271).

Om leerlinge te help in die ontleiding van die bestemming het Aristoteles (*Rhetorica* 1389a) 'n breedvoerige beskrywing van die kenmerke van verskillende ouderdomsgroepe daargestel. So noem hy onder meer dat die jeug se lewens deur intense hartstogte en liggaamlike begeertes gekenmerk word, terwyl hulle in die reël hoogs veranderlik en liggeraak is. Hulle vertrou hul naaste, leef in afwagting en gee eerder voorkeur aan edel as bruikbare dade. Hierteenoor is bejaardes geneig om oor die lewe te "dink", maar nooit te "weet" nie. Hulle is sinies en hanteer hul vriende as waarskynlik toekomstige vyande en hul vyande as waarskynlik toekomstige vriende. Bejaardes se lewens word ook eerder gekenmerk deur die beredenering van sake as wat daar van morele gevoelens sprake is, terwyl hulle eerder die bruikbare beklemtoon as wat hulle aandag skenk aan die edele en die grootse. As motivering vir die identifisering van sodanige leerinhoud, stel Aristoteles (*Rhetorica* 1390a.25) dat boodskapontvangers 'n positiewe ingesteldheid openbaar teenoor mededelings wat aangepas is by hulle behoeftes en omstandighede en 'n weerspieëeling is van hulle karaktertrekke.

Die siening van Aristoteles het daar toe geleid dat leerinhoud op dievlak van die mens se emo-

sionele disposisies nie slegs 'n essensiële onderafdeling van retoriiese onderrig geword het nie, maar dat die retoriek as sodanig vir baie jare as 'n gesaghebbende inligtingsbron oor menslike hartstogte aanvaar is (Dixon, 1971:26).

Uit die hedendaagse kommunikasiekundige literatuur blyk dat 'n ontleding van onder meer die gevoelens en houdings van die mededeler self, die aard van die spraaksituasie en die kenmerke van die boodskapontvangers (bv. fundamentele veranderlikes, demografiese veranderlikes en groepkenmerke) as absolute voorwaarde vir effektiewe boodskapverkeer beskou word (vgl. Jabusch, 1985:18-21).

5. Die soorte openbare medelings as leerinhoud en vaardighede

5.1 Algemeen

Wat retorieksoorte in die pre-Renaissance-era betref, is leerinhoud hoofsaaklik op Aristoteles (*Rhetorica* 1.3.1358b) se drieledige indeling, naamlik beraadslagende, epideiktiese of seremoniële en geregshofretoriek gebaseer (vgl. bv. Pseudo-Aristoteles, *De Rhetorica ad Alexandrum* 1421b; Isokrates, *Antidosis* 257; Norlin, 1956; Cicero, *De Partitione Oratoria* 69-89; Rackham, 1942; *Quintilianus, Institutio* III.IV.1 e.v.).

Gedurende die Middeleeuse opvoeding het werke soos die *Rhetorica ad Herennium* en byvoorbeeld Cicero se *De Inventione* 'n besondere invloed op die konceptualisering van spraakkontekte gehad (vgl. Capella, *De Rhetorica* 1964:454).

Elk van die drie openbare retoriekkontekte het eiesoortige kenmerke openbaar wat in die onderrigsituasie bemeester moes word. In die reël is veral vanuit 'n wysgerige invalshoek van die standpunt uitgegaan dat 'n teoretiese kennis van elk van die drie soorte mededelings 'n bydrae kon lewer tot die ontdekking van universele waarhede.

5.2 Die beraadslagende retoriek

Die beraadslagende of adviserende retoriek het veral die mens se sosiale, maatskaplike en politieke betrokkenheid as vertrekpunt geneem. Die algemene doel van dié soort retoriek was om die ontvangers positief te beïnvloed met betrekking tot die wenslikheid van bepaalde gedragswyses of om hulle te ontmoedig ten opsigte van gedrag wat nie wenslike implikasies vir die toekoms ingehou het nie. Beraadslagende retoriek is dan ook altyd

vanuit 'n toekomsperspektief benader. Hoewel die beraadslagende of raadgewende retoriek hoofsaaklik binne die konteks van 'n openbare spraaksituasie plaasgevind het, is die waarde daarvan op die interpersoonlike vlak (vgl. bv. Aristoteles, *Rhetorica* 1.3.1358b) en selfs op die intrapersoonlike vlak nie ontken nie (vgl. bv. Isokrates, *Antidosis* 257).

Vir Aristoteles (*Rhetorica* 1.4.1359b:1363a) beskik 'n raadgewende mededeler oor grondige kennis van sowel die land se regeringstelsel as byvoorbeeld die land se inkomstebronne, uitgawes, militêre opset, uitvoere, invoere en wette. Omdat die mens se algemene welsyn en geluk sy lewenskeuses bepaal, moet die mededeler 'n goeie begrip openbaar omtrent die verskynsels wat binne samelewingsverband met menslike welsyn geassosieer word. Hier gaan dit om leerinhoud op die vlak van vriendskap, die belang van byvoorbeeld kinders en bejaardes, liggaams gesondheid en menswaardigheid.

In die *Rhetorica ad Alexandrum* (1423a.20) word 'n aanduiding van onderwerpe vir die beraadslagende retoriek gegee wat ietwat van Aristoteles se beschouwing verskil. Die volgende sewe onderwerpe word as leerinhoud bespreek: (1) heilige gebruik; (2) wette; (3) politieke konstitusies; (4) aliansies en kontrakte met ander state; (5) oorlog; (6) vrede; (7) die voorsiening van inkomstebronne.

Gedurende die Grieks-Romeinse era is beraadslagende retoriekleerinhoud op 'n verskeidenheid lewenswerklikhede gebaseer, soos sekuriteit, eerbaarheid, prysenswaardigheid en regverdigheid (vgl. bv. Pseudo-Cicero, *Rhetorica ad C Herennium* III.1 e.v.). In die Middeleeuse opvoeding was die leerinhoudterrein van die beraadslagende retoriek tot 'n groot mate beperk tot verskynsels wat relevant was met betrekking tot die preek-kuns.

5.3 Die epidektiese retoriek

Die epidektiese, seremoniële of geleentheidsretoriek betrek die teenwoordige tyd en het openbare volksbyeenkomste soos feeste en begrafnisse as spraaksituasie (Aristoteles, *Rhetorica* 1358b.15-20). Die doel van hierdie soort retoriek is nie soseer om te beïnvloed nie, maar eerder om lof te betuig of te blameer. Die gangbare standpunt was dat die bemeesterding van seremoniële retoriekbeginsels en die praktiese toepassing daarvan nie net waardevol was met betrekking tot die

ontwikkeling van openbare kommunikasievermoëns in die algemeen nie, maar ook in die besonder bevorderlik was vir 'n eerbare, sinryke bestaan (vgl. bv. Cicero, *De Partitione Oratoria* 69-83).

Gedurende die vroeë Christelike en Middeleeuse era het die preekkuns in 'n groot mate die vorm van die epideiktiese retoriek aangeneem (vgl. Corbett, 1965:29).

5.4 Die geregshofretoriek

Die geregshof- of forensiese retoriek het menslike handelinge wat in die verlede plaasgevind het as vertrekpunt geneem en het die geregshowe, waar 'n minimum van 201 jurielede oortuig moes word, as spraakkonteks gehad. Die outeur van die *Ad Herennium* skryf oor die aard van die geregshofretoriek samevattend soos volg: "Die geregtelike mededeling is gebaseer op regsgeldige geskille en behels kriminele vervolging of siviele eise en verdediging" (1.2.2).

Die geregshofretoriek was verreweg die oudste vorm van die drie openbare retorieksoorte. Die grondleërs daarvan, naamlik Korax en Tisias, het byvoorbeeld reeds in 465 v.C. daarop gewys dat argumente op waarskynlikheidsbewyse gebaseer kon word (vgl. Plato, *Phaedrus* 273). Aristoteles (*Rhetorica* 1368b ev.) het ongeveer 'n eeu later dié teorie verder ontwikkel en veral ook die psigologiese aspekte van die geregshofretoriek beklemtoon.

Die geregshofretoriek het in sowel die onderrig-situasie as in die tegniese handleidings die meeste aandag geniet. Cicero se *De Inventione* is byvoorbeeld in die eerste plek 'n tegniese handleiding oor die *inventio*-aspek van die geregshofretoriek. Trouens, die meeste retoriekbegrippe het in werkelikhed hul oorsprong en toepassing in die forensiese retoriek gehad. Die konvensionele indeling van 'n mededeling in vyf of meer onderafdelings is byvoorbeeld spesifiek toegespits op die praktiese eise wat die geregshowe aan die retoriek gestel het (vgl. bv. Quintilianus, *Institutio* 3.9.14; Plato, *Phaedrus* 266d; Pseudo-Aristoteles, *De Rhetorica ad Alexandrum* 1441b-1443b; Cicero, *De Inventione* 1.XV.20-I.XXI.51).

Gedurende die vroeë Christelike era het die geregshofretoriek die grondslag gevorm van die apologetiese geskrifte van die geloofsverdedigers soos Tatianus en Tertullianus. Selfs gedurende die Middeleeuse era, toe die gebruik van jurielede in ge-

regshowe nie meer bestaan het nie, was die forensiese retoriek nog primêr teoreties gemoeid met die stel van 'n saak voor jurielede (Kennedy, 1980:24).

Waar die pre-Renaissance-retorici hulle bespreking van retoriekkontekste hoofsaaklik beperk het tot die drie dimensies van openbare spraaksituasies, beklemtoon hedendaagse spraakkommunikasiekundiges benewens die openbare situasies ook spraakkontekste op byvoorbeeld die diadiese, die kleingroep- en die organisatoriese vlak.

6. Samevatting

In die voorgaande bespreking is oorsigtelik daarop gewys dat die retoriekleerinhoude en -vaardighede in die pre-Renaissance-opvoeding op bepaalde retoriekbeginsels en -kontekste gebaseer was. In sy essensie saamgevat, kan gestel word dat leerinhoude en vaardighede gebaseer was op sowel die drie hoofkomponente van mondelinge kommunikasiegebeure, naamlik mededeler, boodskap en ontvanger, as die fisike, sosiale en psigologiese omstandighede waarin die mededeling en vertolking van boodskappe plaasvind.

Die onderrig van die retoriek het weliswaar binne die raamwerk van 'n retorieksisteem geskied wat oor betreklik onbuigsame konvensies beskik het. Maar, soos Marrou (1956:204) dit stel, sodra hierdie konvensies begryp en geassimileer was, het die gesproke woordkunstenaar volkome vryheid binne die sisteem geniet. Wanneer hy op sowel die teoretiese as die praktiese vlak die verskillende prosesse bemeester het, kon hy dit gebruik om sy eie gevoelens, idees en waardes uit te druk sonder enige verlies aan openhartigheid.

Die soort leerinhoude en vaardighede wat hedendaagse kommunikasiekundiges en didaktici op openbare mondelinge kommunikasie as tussenmenslike leefwêreldverskynsel baseer, verskil nie essensieel van dié in die klassieke opvoedingsera nie. Wat wel ondertussen verander het, is die menslike begrip van die fundamentele aard van spraakkommunikasiegebeure en die perspektiewe waaruit dit benader word. Só word mondelinge kommunikasie nie meer vanuit 'n lineêre of 'n mededelergeoriënteerde perspektief beskou nie, maar vanuit o.m. 'n transaksionele perspektief. Die implikasie hiervan vir die identifisering en seleksie van leerinhoude spreek vanself. Voorts verskil hedendaagse leerinhoude ook van dié in die klassieke era ten opsigte van die meer wetenskaplike

konseptualisering en operasionalisering daarvan, die terminologie wat gebruik word om die essensiële kenmerke en struktuur daarvan te beskryf en die ontologiese en wysgerige begronding daarvan. Maar, soos uit die onderhawige oorsigtelike bespreking blyk, kan 'n deeglike begrip van se-

kere aspekte van openbare spraakkommunikasieleerinhoude nie sonder meer losgedink word van 'n basiese kennis van die invloed wat die klassieke retoriekkategorie of -begripperaamwerk daarop uitgeoefen het nie.

BRONNELYS

- Berko, R.M., Wolvin, A.D. & Wolvin, D.R. (1985). *Communicating: A social and career focus*. Boston: Houghton Mifflin.
- Bettinghaus, E.P. & Cody, M.J. (1987). *Persuasive communication*. New York: Holt, Rinehart & Winston.
- Bittner, J.R. (1985). *Fundamentals of communication*. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice-Hall.
- Blankenship, J. (1974). *Selected readings in speech communication*. Encino, California: Dickenson.
- Book, C.L. (1980). *Human communication: Principles, contexts and skills*. New York: St. Martin's Press.
- Caplan, H. (Trans.) (1977). Pseudo-Cicero. *Rhetorica ad C. Herennium*. London: William Heineman.
- Carrino, E.M.D. (1959). *Conceptions of dispositio in ancient rhetoric*. Michigan: University Microfilms International.
- Chadwick, H. (Trans.) (1953). Origenes. *Contra Celsum*. Cambridge: University Press.
- Clark, D.L. (1977). *Rhetoric in Greco-Roman education*. Westpart, Connecticut: Greenwood Press.
- Cohen, E. (1983). *Speaking the speech*. New York: Holt, Rinehart & Winston.
- Corbett, E.P.J. (1965). *Classical rhetoric for the modern student*. New York: Oxford University Press.
- De Kerckhove, D. (1983). Classical rhetoric and communication theory. *Communication*. 7:181-200.
- De Vito, J.A. (1974). The encoding of speech and writing. In: Blankenship (1974):159-165.
- De Wet, J.C. (1988). *The art of persuasive communication*. Johannesburg: Juta.
- Dixon, P. (1971). *Rhetoric*. London: Methuen.
- Ehrninger, D., Gronbeck, B. & Monroe, A.H. (1980). *Principles of speech communication*. Glenview, Illinois: Scott, Foresman & Company.
- Fox, J. (1969). *The rhetorical tradition in French literature of the later Middle Ages*. Exeter: University of Exeter.
- Galvin, K.M., Cooper, P.J. & Gordon, J.M. (1988). *The basics of speech: Learning to be a competent communicator*. Lincolnwood, Illinois: NTC.
- Greer, R.A. (Trans.) (1979). Origenes. *An exhortation to martyrdom, prayer, first principles: Book IV, Prologue to the commentary on the song of songs, Homily XXVII on numbers*. London: SPCK.
- Gruner, C.R. (1983). *Plain public speaking*. New York: Macmillan.
- Halm, E. (Ed.) (1964). *Rhetores Latini Minores*. Frankfurt: Minerwa, GMBH.
- Hamilton, W. (Trans.) (1977). Plato. *Phaedrus and the seventh and eighth letters*. New York: Penguin.
- Hamilton, W. (Trans.) (1982) Plato. *Gorgias*. Harmondsworth: Penguin.
- Hendrickson, G.L. (Trans.) (1939). Cicero. *Orator*. Cambridge: Harvard University Press.
- Hubbell, H.M. (Trans.) (1949). Cicero. *De Inventione; De Optima Genere Oratorium; Topica*. Cambridge: Harvard University Press.
- Hunt, G.T. (1981). *Public speaking*. Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice-Hall.
- Jabusch, D.M. (1985). *Public speaking: A transactional approach*. Boston: Allyn & Bacon.
- Jansen, E.M. (1983). *Plato's concept of dialogue in Gorgias and Phaedrus*. Pretoria: Academica.
- Jones, L.W. (Ed.) (1946). *An introduction to divine and human readings by Cassiodorus Senator*. New York: Columbia University Press.
- Kennedy, G.A. (1980). *Classical rhetoric and its Christian and secular tradition from ancient to modern times*. London: Croom Helm.
- Leeman, A.D. (1981). Het rhetorich onderwijs in de Oudheid; Zijn inhoud, zijn doel, zijn didactiek. *Lampas*, 14(3):179- 191.
- Left, M.C. (1972). *The frozen image: Sulpicius Victor and the ancient rhetorical tradition*. Los Angeles: University Microfilms International.
- Lilla, S.R.C. (1971). *Clement of Alexandria. A study in Christian Platonism and Gnosticism*. London: Oxford University Press.
- Lindsay, W.M. (Ed.) (1911). Isodorus. *Etymologiae*. Oxford: Clarendon Press. Marrou, H.I. (1956). *A history of education in antiquity*. (Translated by G. Lamb). New York: Sheed & Ward.
- Myers, V. & Herndon, R. T. (1988). *Dynamics of speech*.

- Lincolnwood, Illinois: National Textbook Company.
- Norlin, G. (Trans.) (1956). Isocrates. *Writings*. Vol. II. London: William Heineman.
- Ochs, D.J. (1966). *The tradition of the classical doctrines of rhetorical topoi*. Iowa: University Microfilms International.
- Osborn, M. (1982). *Speaking in public*. Boston: Houghton Mifflin.
- Poulakos, J. (1984). Rhetoric, the Sophists, and the possible. *Communication Monographs*, 51(3):215-226.
- Rackham, H. (Trans.). (1942). Cicero. *De Oratore III; De Fato; Paradoxa Stoicorum; De Partitione Oratoria*. Cambridge: Harvard University Press.
- Robertson, D.W., Jr. (Trans.) (1977). Augustine. *On Christian doctrine*. Indianapolis, Indiana: Bobbs-Merrill.
- Ross, W.D. (Ed.) (1971). *The works of Aristotle*. Volume XI. Oxford: Clarendon Press.
- Sider, R.D. (1971). *Ancient rhetoric and the art of Tertullian*. London: Oxford University Press.
- Stump, E. (Ed. and trans.) (1978). Boethius's *De Topicis Differentiis*. Ithaca: Cornell University Press.
- Sutton, E.W. & Rackham, H. (Trans.) (1942). Cicero. *De Oratore* (Books I and II). Cambridge: Harvard University Press.
- Terblanche, F.H. (1987). *Die pre-Renaissance-retoriek as grondslag vir 'n leerinhoudgerigte benadering tot hedendaagse spraakkommunikasie*. Ongepubliseerde D.Phil-proefskef. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Timothy, H.B. (1973). *The early Christian apologists and Greek philosophy*. Assen: Van Gorcum.
- Van Schoor, M. (1986). *Wat is kommunikasie?* Pretoria: Van Schaik.
- Watson, J.S. (Trans.) (1891). *Quintilian's institutes of oratory: Or, education of an orator, in twelve books*. London: George Bell & Sons.
- Watson, J.S. (Trans.) (1892). *Quintilian's institutes of oratory: Or, education of an orator, in twelve books*. London: George Bell & Sons.
- White, E. (1984). *Basic Public speaking*. New York: Macmillan.
- Whitman, R.F. & Boase, P.H. (1983). *Speech communication*. New York: Macmillan.